ONDERSTEUN ONS PREDIKANTGESINNE

Weinig vakkundige literatuur bestaan rakende die emosionele en pastorale versorging van die gade van die predikant, hetsy manlik of vroulik. Uit die literatuur wat wel bestaan,(slegs oor vroulike gade) blyk dit dat die pastorale versorging van die pastoriegesin nie afgeskeep mag word nie.

Die gade van die predikant ervaar eiesoortige problematiek. Stres wat deur die predikant ervaar word, word meestal net so op sy of haar gesin oorgedra. Van die eise wat deur die NG predikantsgesinne by mediese fondse aangevra word, is ongeveer 70% stresverwante medikasie – meestal vir die vrou. Uitbranding, angs, neerslagtigheid en selfs depressie is geen vreemde verskynsel in predikantsgesinne nie. Hierdie spanning gee soms tot huweliksprobleme aanleiding. Verskeie pogings word deur die Predikantebediening van die Kerk aangewend om aan die predikant aandag te verleen, maar weinig word vir die gade van die predikant gedoen.

Die gade van die predikant word nie opgelei vir die taak wat volg nie. Sy word “gemeenskapsbesit”. Onrealistiese verwagtinge van die gemeente- en kerkraadslede dra tot hierdie eiesoortige probleme by. Die visbaksindroom is die voortvloeisel, waar die gesin van die predikant soos goudvissies in ’n visbak hanteer word. Sommiges beskou dit selfs as geestelike mishandeling deur die gemeente. Onttrekking of bedanking vanuit die werksaamhede van die gemeente is dikwels die enigste wyse van oorlewing, terwyl sekulêre beroepe ’n mate van pynverligting bied.

Die probleme wat die gade van die predikant ervaar, veroorsaak soms ’n verlies aan geloof in die kerk. Omdat tyd met God afgeskeep word, verswak haar verhouding met God. Verder laat die kerklike topstruktuur nie veel ruimte vir die vrou nie. Verbale en nie-verbale boodskappe van vroulike onderdanigheid beperk haar ruimte om onafhanklik te besluit hoe sy haar rol insien. Ander besluit namens haar wie en wat sy behoort te wees en hoe sy behoort op te tree.

Dikwels word op so ’n wyse na voorgangers verwys, dat die huidige predikant en sy gade nie na waarde geskat word nie. Medeleraarskap veroorsaak soms ook legio probleme. Hierdie verhouding met haar man se kollega se vrou word dikwels as die mees traumatiese verhouding beskou.

Verdere probleme vanuit die gesin is onder andere die groot finansiële druk wat op die gesin geplaas word, vandaar die feit dat soveel gades van predikante buitenshuise arbeid verrig om die inkomste aan te vul. Al die probleme binne die gesin en gemeente gee soms aanleiding tot probleemgedrag by die kinders van die predikant, maar ook probleme wat deur die kinders ervaar word, soos spanning en depressie. Dit veroorsaak skuldgevoelens by die predikant en sy gade, wat weer hulle stres- en depressievlakke verhoog.

.Ds Sarah Jane Wessels beveel ’n kleingroep vir versorging van die pastoriegesin aan, waar daar werklik na hulle behoeftes omgesien word. Hierdie steungroep vir gades kan tot op rings- of streekvlak uitgebrei word. Chené Swart maak in haar navorsing ook verskeie aanbevelings, onder andere dat ’n mentor vir ten minste vyf jaar ’n pad met die nuwe gade van die predikant moet stap.

Dikwels ervaar die gade van die predikant ’n geroepenheid om saam met haar man in die gemeente te werk, wat nie altyd aanvaar word nie. Verder blyk dit uit haar navorsing dat indien die kerkrade van die gade verwag om sekere verpligtinge na te kom, sy ten volle daarvoor vergoed moet word. Dit kan verhinder dat sy ’n sekulêre beroep moet beoefen, ten einde in die gesin se behoeftes te voorsien.

Dit bly steeds ’n voorreg om saam met jou predikantsgade in diens van God se koninkryk op aarde te staan. Daarom is dit noodsaaklik dat die pastoriegesin met hulle talente sowel as tekortkominge deur die plaaslike gemeente, maar ook die Kerk in breër verband, aanvaar en ondersteun moet word. God gebruik onvolkome mense om sy koninkryk te laat kom. Kom ons aanvaar mekaar met liefde en ondersteun mekaar sodat hierdie doel verwesenlik kan word.

Navorsingsmateriaal gebruik:

SJ Wessels 1998 Die pastorale versorging van die predikantsvrou

C Swart 2003 – Caring with Woman married to DR clergyman:Narritives of pain, survival and Hope.